



Verwysing: 20191004-9969
Lêernommer: 12/20/P
Navrae: LR Abrahams

Omsendbrief: 0040/2019
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders en Prinsipale van gewone openbare skole

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief dien om skole in te lig van die vereistes om akkurate optekening en verslagdoening oor die behoud en herwinning van handboeke vir die 2019/20-boekjaar te verseker.*

Onderwerp: Vereistes om akkurate optekening en verslagdoening oor die behoud en herwinning van handboeke vir die 2019/20-boekjaar te verseker

1. 'n Beduidende gedeelte van norme-en-standaarde-befondsing word jaarliks gebruik om leerders in alle grade van handboeke te voorsien.
2. Prinsipale, opvoeders, leerders en ouers is verplig om hierdie handboeke op te pas en te herwin sodat dit oor 'n tydperk van 3 tot 4 jaar gebruik kan word.
3. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) moet jaarliks 'n verslag oor die behoud en herwinning van handboeke by die Departement van Basiese Onderwys indien en rekords hou vir ouditdoeleindes.
4. Die ouditeur-generaal het ook bevind dat optekening en verslagdoening oor die uitreiking en herwinning van handboeke op skoolvlak in 2018/19 buitengewoon swak en onakkuraat is.
5. Die beheer van leer- en onderrigondersteuningsmateriaal (LOOM) op skoolvlak en die monitering van LOOM-prosesse deur distrikte het geblyk onvoldoende te wees, terwyl die implementering en nakoming van die WKOD se LOOM-raamwerk ook uiters swak is.
6. Skole word versoek om seker te maak die volgende prosedure vir 2019 en 2020 in plek is:

- 6.1 Elke opvoeder moet 'n lys hê met die boeke wat aan elke leerder uitgereik is.
- 6.2 Die opvoeder moet dieselfde lys gebruik om die leerders aan te dui wat hul handboeke terugbesorg het.
- 6.3 Die skool moet bewys kan lewer dat die ouer vir die ontvangs van die handboeke geteken of erken het.
- 6.4 Graad 10- tot 12-leerders kan die klaslyste teken om ontvangs van die handboeke te erken.
- 6.5 Die skool moet wese bewys kan lewer dat elke leerder toegang het tot 'n handboek.
- 6.6 Waar handboeke by die skool gehou en gedeel word, moet die skool sorg dat daar bewys is dat daar voldoende handboeke vir elke leerder is, en wanneer nodig, geen leerder sonder 'n handboek is nie.
- 6.7 Waar ouers die handboeke koop, moet die skool se lys steeds aandui of die leerder oor die nodige handboek beskik, en die ouer moet teken om te bewys dat die leerder 'n handboek het.
7. Die lys met handboeke wat uitgereik en herwin is, moet deur die klasonderwyser en betrokke departementele hoof onderteken, gedateer en met die skool se stempel gestempel word. Dit moet vir minstens drie jaar in die skool se kluis bewaar word.
8. Die klasonderwyser moet 'n afskrif van die lys in hul klas se lêer byhou.
9. Skole met elektroniese rekordstelsels vir uitreiking en herwinning, moet 'n afskrif van hul rekordstelsel vir uitreiking en herwinning druk, en soos in paragrawe 7 en 8 vermeld, dit teken, dateer, stempel en bewaar.
10. Beamptes wat skole se finansies en rekords hanteer, moet tydens hul besoeke aan elke skool in die kring die leerders se handboekrekords wat in die klasonderwyser se lêer behoort te wees, nagaan en kyk of dit ooreenstem met die een wat in die prinsipaal se kantoor gehou word.
11. **Dit is uiters belangrik om te verseker dat die rekords wat op SOBIS vasgelê is akkuraat is en ondersteun kan word deur die klaslyste, wat in die geval van 'n oudit as bewys gebruik sal word.**
12. Skole moet 'n basiese verslag op SOBIS voltooi en affteken om aan te dui hoeveel handboeke aan leerders uitgereik is en hoeveel volgens vak en graad herwin is.
13. Die verslag moet tussen 18 November en 13 Desember 2019 voltooi word.

14. Om toegang tot die vasleggingskern op SOBIS te verkry, gaan na:
 - die “**Administration**”-oortjie; en
 - kies “**Textbook Retrievals**” in die aftreklys en voltooi dit.

15. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: BK SCHREUDER

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2019-10-17